

Les 5

Teks: Johannes 3: 1 - 36

1. Inleiding

Ons kom vandag by een van die belangrikste hoofstukke in die Johannes evangelie. Ons ontmoet vir Nikodemus, Leer oor die wedergeboorte en laastens fokus ons weer op die verhouding tussen Christus en Johannes die doper.

2. Nikodemus

Nikodemus. Fariseër en 'n lid van die Sanhedrin word slegs in Johannes se Evangelie genoem. Nikodemus het in die nag na Jesus gekom en hom erken as 'n onderwyser wat deur God gestuur is (vgl vers 2). Hy was oortuig dat Jesus sulke dinge nie kon doen as God nie by hom was nie. Na aanleiding van 'n versoek oor die behoefte om wedergebore te word (vgl vers 3), het Jesus gevra hoe Nikodemus, 'n lid van die Joodse Raad, nie sulke dinge verstaan het nie (vgl vers 10). Op daardie tydstip het hy klaarblyklik geen geloof in Nikodemus gewerk nie, maar het Jesus later voor die Sanhedrin verdedig Johannes wel vir Jesus (vgl Johannes 7: 50-52). Na Jesus se dood het Nikodemus openlik vir Josef van Arimatea gehelp met die begrafnis van sy liggaam (vgl vers 19: 39-42).

Sommige geleerdes suggereer dat Nikodemus een van die Joodse leiers was wat in Jesus geglo het, maar hom nie openlik bely het uit vrees vir ekskommunikasie nie (vgl Johannes 12:42). Tradisioneel word geglo dat Nikodemus aan die gemeenskap van gelowiges behoort het, Soos 'n mens oorreed om deur die woord en daede in Jesus te glo, maar tog geïntimideer bly deur godsdienstige instellings.

3. Wedergeboorte

Eers kyk ons weer na die heilsorde. Dit is die stukkie dogmatiek wat ons leer oor pad van redding. Dit bestaan uit die volgende stappe. 1. Roeping, 2. Wedergeboorte, 3. Geloof, 4. Bekering, 5. Regverdigmaking 6. Heiligmaking, 7. Volharding van gelowiges.

Ons fokus op Wedergeboorte. En deur net na hierdie lysie te kyk is dit duidelik dat Wedergeboorte aan die begin van hierdie stappe staan. En ons weet in die begin van hierdie fases werk die Gees baie harder in die mens, as wat die mens self aan sy geloof werk, of dit is ten minste die gereformeerde verstaan daarvan.

Elders word daar oor die wederkoms oos volg in die skrif geskryf. Die apostel Petrus sê dat die Vader van onse Here Jesus Christus aan ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode. En ook dat ons wedergebore is, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende Woord van God wat tot in ewigheid bly (1 Petrus 1:3, 23–25) en Jakobus sê: Volgens sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eerstelinge van sy skepsele kan wees (Jak. 1:18). Om maar twee ander verwysings te gebruik. Tog maak vers 8 dit vir ons duidelik dat die wedergeboorte net van God die Vader alleen af kom, en ons het eintlik geen beheer of dit gebeur of nie.

4. Christus se prioriteit in Johannes die doper se oë

In ons teksgedeelte vandag, kom kla mense by Johannes die doper dat van sy volgelingen eerder agter Christus aan loop. Ons het dit natuurlik prakties gesien by die roeping van die dissipels in hoofstuk 2. Tog moet Johannes die doper weer in lyn met sy woorde in Hoofstuk 1: 27 heerhaal. Daar sê hy : "27Dit is Hy wat ná my kom, wie se skoene ek nie werd is om los te maak nie." Nou

bevestig hy dit weer met: "30Hy moet meer word en ek minder." in vers 30 van vandag se hoofstuk. Tog sou Johannes die dooper later twyfel aan die Godheid van Christus (vgl Matteus 11:3 en Lukas 7:19)

5. Teksverwysings

1. Johannes 7: 50 - 52
2. Johannes 19: 39 - 42
3. Fillipense 1: 16 - 18
4. Lukas 7: 18 - 28
5. Matteus 11: 2 - 15

6. Vrae

1. Hoe dink u het Nikodemus oor Christus te gevoel?
2. Het hierdie gevoel van Nikodemus oor Christus verander deur die jare?
3. Hoe werk wedergeboorte prakties in mense
4. Watter verhouding moet daar tussen die bedienaar van die Woord en Christus wees?
5. Mag gelowiges soms twyfel?

7. Bronne

1. Elwell, W. A., & Beitzel, B. J. (1988). [Nicodemus](#). In *Baker encyclopedia of the Bible* (Vol. 2, p. 1547). Grand Rapids, MI: Baker Book House.
2. Feenstra, J. G. (n.d.). [Leer en Lewe](#).
3. Carson, D. A. (1991). [The Gospel according to John](#) (p. 187). Leicester, England; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.